Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel IX. VRYDAG 13 AUGUSTUS 1954. No. 5.

# STUDENTESAAL INGEWY MET WEEK VAN FEESTELIKHEDE

## KOSTE DALK MINDER AS BERAMING

**In 'n onderhoud wat DIE WAPAD verlede week met Mnr. Jan Visser gehou het blyk dit dat die nuwe studentesaal finaal afgewerk en gereed sal wees vir die ingebruikname wat op 21 Augustus eers-komende plaasvind. Die daaropvolgende week sal in beslag geneem word vir die hou van programaande van verskillende aard.**

Hy het as volg uitgelaat op die volgende vrae wat ons aan hom gestel het.

**Vraag:** Wanneer sal die saal gereed wees en hoe is sake gesteld met die amebuelment?

„Ek is meegedeel dat die saal aan die Studenteraad op 14 Augustus oorhandig sal word. Dit sal dan heeltemaal gereed wees. Op die oomblik het ons 750 stoele en banke hoewel die saal sitplek aan elf-honderd persone bied. Die S.R. van 1955 sal egter die res van die stoele aanko op. Ons geld is ongelukkig klaar. Die gordyne is reeds klaar en is van „maroon-embostered" fluweel."

**Vraag:** Wat is die S.R. se planne met die ingebruikname?

„Die amptelike ingebruikname vind op 21 deser plaas. Ons maak ons gereed vir 650 gaste—buitestaanders ingesluit. Die daaropvolgende week word elke aand in beslag geneem. Onder andere vier Korps V.V. dan sy sestigjarige bestaan, 'n filmvertoning sal gehou word, daar is 'n tiekieaand in die vooruitsig, 'n skitterende plateprogram ensovoorts."

**Vraag:** Wat van 'n klavier en 'n projektor?

„Soos ek reeds gesê het het die S.R. nie meer geld nie, maar daar sal moet 'n nuwe klavier aangekoop word . . . . en so spoedig as moontlik ook."

### Kry Projektor Present.

**„Wat die projektor betref het ons 'n ongelooflike aanbod van Mnr. P. W. Buys van „Rembrandt" ontvang. Hy het op eie aanbod onderneem om fondse in te samel vir 'n 16 mm. projektor. Hy het selfs hulp van die kant van die S.R. vriendelik afgewys en ons meegedeel dat hy self op eie inisiatief die apparaat end Maart 1955 aan ons al oorhandig. Hierdie aanbod is so grootmoedig dat ek nie my dank in woorde kan uitdruk nie. Dit is werklik alles-oortreffend. Ek bring graag langs hierdie weg my innigste dank namens die S.R. en die studente aan hom oor."**

**Vraag:** Wie gaan die sleutel dra?

„Die Studenteraad! Ons sal volle beheer oor die saal se gebruik hê."

**Vraag:** Gaan u die saal uithuur?

„Ons weet nog nie, maar dit sal heel moontlik gebeur. Die R.D.B. het egter reeds die saal bespreek vir die M. Wittrisch-konsert. Dit vind op 13 September plaas."

**Vraag:** Is dit so dat kantore later aangebou gaan word?


„Ja. So gou moontlik sal daar administratiewe kantore vir die S.R. en die onderliggame asook 'n kafeteria aangebou word."

**Vraag:** Wat sal die saal uiteindelik kos?

**„Hier het ons 'n verrassing vir die Pukke. Die saal sal wel ietwat goedkoper wees as oorspronklik beraam is, maar op hierdie stadium kan ek ongelukkig nie vir u sê hoeveel nie. Dit sal wel later bekend wees. Ons weet self nog nie presies wat die bedrag is wat die saal onder £14,000 gaan kos nie.**

„Maar dit is puik stukkie werk. Ek voel werklik trots op die saal. Hy vervul aan 'n lang gevoelde behoefte wat die afgelope tyd gedreig het om akuut te word. Ek kan my nie indink dat ons enigsinds langer sonder hom kan klaar kom nie. Man, ek kan amper nie glo dat hy al klaar is nie," het Mnr. Visser merkbaar uitgelate verklaar.

**Die nuwe Studentesaal wat vandag voltooi word. Mens kan nie glo dat hierdie saal net £14,000 kos nie.**



## VERVANG "SPOORSLAG"

Aangesien die amptelike orgaan van die A.S.B. gestaak is sal die Direkteur van Publisiteit in die vervolg slegs nuus van Uniale belang plaas in al die verskillende studenteblaaie.

## AANDAG, ASB.!

Sal alle klubs en onderliggame van die S.R. daarop let dat hulle hulle boeke op die **15de Augustus** moet afsluit en voor die **20ste Augustus** by ondergetekende moet kom inhandig sodat die boeke geouditeer kan word. Stukke wat getoon moet word is: Kwitansies, S.R. Vorms, Kasboek, Tjekboek en Bankstate.

Get.: J. H. VAN NIEKERK (S.R. Penningmeester).

## X-KLUB.

**„Die Studenteraad spreek hiermee sy ernstige misnoë uit teenoor die X-klub se bestuur wat die ongevraagde vrymoedigheid geneem het om tydens die intervarsitie met U.P. sy dans te adverteer oor die U.P. se mikrofoon. Die klub se bestuur het nie die goedkeuring van die Studenteraad gehad om so 'n aankondiging oor die mikrofoon te laat doen nie. Die Studenteraad hoop dat dit nie in die toekoms weer sal gebeur nie." (Get. J. Visser, S.R.-Voorsitter.**

## A.S.B.-WAPEN.

**Op sy hoofbestuursvergadering wat begin Julie te Bloemfontein gehou is het die A.S.B. besluit op die finale wapen. Die wapen is reeds by die munt in Pretoria en sal eersdaags gereed wees. Dit sal ook binnekort op alle amptelike stukke van die A.S.B. verskyn.**

**Die wapen sal aan alle lede beskikbaar gestel word. Die prys is nog nie bekend nie. Hoofbestuurslede sal egter 'n wapen kry wat met goud oorgeblaas is.**

Bloemfontein. — As gevolg van die voorlopige stigting van die Federasie van Studenterade wat op die terrein van een van die A.S.B. se departemente hom sal moet beweeg, het die Hoofbestuur van die A.S.B. sy departement van Studie en Navorsing afgestaan aan die Federasie. Mnr. S. van Tonder wat hierdie departement behartig het, bly egter aan as Hoofbestuurslid. Hy sal Mnr. D. Erasmus bystaan in die departement Kulturele Aangeleenthede om 'n volledige eisteddfod te organiseer wat gelyktydig met die volgende kongres sal plaasvind.

# HOË ONDERSKEIDING VIR P.U.-HOOGLERAAR

## PROF. KRUGER WAARSKYNLIK NA LONDEN-UNIVERSITEIT.

**Prof. D. W. Kruger, hoogleraar in Geskiedenis, het 'n uitnodiging van die Londense Universiteit ontvang om 'n seminaar vir nagraadse studente vanaf Oktober 1955 tot November 1956 aldaar te gaan waarneem. Die onderwerp van die seminaarklasse word aan Prof. Kruger oorgelaat.**

Die direkteur van "The Institute of Commonwealth Studies", Prof. Sir Keith Hancock, het hierdie uitnodiging aand Prof. Kruger gerig. Hy sal gedurende die tydperk optree as "Fellow" van die "Institute".

**HOË ONDERSKEIDING.**

Dit is die beleid van die "Institute" om elke akademiese jaar 'n senior professor van een van die Statebondslande vir die doel uit te nooi. Dit is die eerste keer dat hierdie onderskeiding 'n professor van 'n Afrikaanse Universiteit te beurt val. So ver vasgestel kon word is dit ook die eerste Afrikaanssprekende geleerde wat deur hierdie instituut uitgenooi word. Verneem word dat Dr. A. L. Geyer, gewese Hoë Kommissaris van die Unieregering in Engeland, Prof. Kruger vir die doel aanbeveel het.

**BIOGRAFIE OOR PRES. KRUGER.**

**In 'n gesprek het Prof. Kruger bevestig dat hy tans aan 'n biografie oor President Kruger werk. Die werk sal heel moontlik uit twee dele bestaan. Prof. Kruger het ons meegedeel dat die bronnemateriaal so omvattend word dat die voltooiing van die eerste deel van hierdie biografie hom minstens nog vyf jaar besig sal hou. Hy hoop om tydens sy besoek aan Londen al op die spoor van die President te volg. Pres. Kruger het o.a. Londen besoek. Prof. Kruger is van voorneme om bronnemateriaal in Londen en op die Vasteland te versamel vir die standaardwerk oor die President.**

DIE WAPAD kon nie bevestiging kry of Professor Kruger reeds die uitnodiging aanvaar het nie. Verneem word dat sy besoek aan Londen egter byna finaal is.

# Die Wapad.

VRYDAG 13 AUGUSTUS 1954.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*



REDAKSIE.

HOOFREDAKTEUR ........ D. F. Erasmus.
SUB-REDAKTEURS: Sport ........ Koos Hugo.
Mej. B. Botha.
Nuus ........ D. F. Erasmus.
Varia ........
Mej. Ponie du Plessis.
Kuns ........ G. v.d. Bergh.
FOTOGRAAF ........ F. Botha.
SPOTPRENTTEKENAAR ........ J. Smith.
ADMINISTRASIE ........ C. Schlesinger (Voors.)
A. Hechter.
A. E. Makkink.
L. Swart.
V.d. Dissen.
H. Swanepoel.


## KONTAK SAMEWERKING GRONDSLAG EN 'N FEDERASIE

Tydens die verloop van die besprekings oor die pro's en con's van Federasie het dit klaar en helder-duidelik aan die lig gekom dat etlike van ons studenteleiers nie meer weet wat dit bteken om op 'n ideologiese grondslag te staan nie. Toe die P.U. se sprekers een na die ander op die been kom en die saak van verskillende kante vir die aanwesiges teken het die afvaardiginge met merkbare misnoë na ons sprekers geluister. Op die gesigte was net een vraagteken: nou waarom kom julle alweer om ons saak te kom verongeluk? Want in die tweede helfte van die twintigste eeu vra 'n mens mos nie meer na 'n grondslag nie. Nee, dan bederf jy alle kontak en samewerking. Jy vra na nuttigheidspolitiek ja, maar nie na 'n ideologie nie. Anders is jy oumodies, „agter" die tyd, radikaal, konserwatief, en les bes . . . Calvinisties! . . . Dit is 'n jammerlike houding. Wat grondslae betref het 'n mens eintlik die bekende spreuk in realiteit sien oorgaan wat vra: „Lamsak, ou maat, gee my jou hand. Ons is burgers van papbroekland."

En om boonop nog seksioneel te wees is net so erg as om in vredestyd in 'n tou te staan vir 'n sikspens se „Goewerment"-suiker.

Dit klink mooi om te pleit vir 'n ander se standpunt en om daarvoor eerbied en respek te hê, maar as in gedagte gehou word dat die eerbied en respek vir 'n ander se standpunt wat net sowel 'n liberalis as 'n kommunis kan wees wat daarop bereken is om die beginsel van jou volk en jou geloof in duie te laat stort, dan word die eerbied niks anders as verraad nie. Die keuse tussen of getalle of 'n ideologie was dus gevolglik ook maklik. Die keuse om tussen die ondersteuning van P.U. wat 'n grondslag vra en die verwaterde andersdenkendes wat meer is en groter is as Potchefstroom te kies was ewe maklik. 'n Kind maak nooit die fout om 'n trippens bo 'n pennie te verkies nie, want die pennie is mos groter.

Voorwaar. Hoe bejammeringswaardig! Ons studenteleiers, of dan wel 'n groter deel van hulle het nog 'n keer oor die kwessie van 'n gesonde grondslag vir die ware Afrikanerstudent gestruikel, . . . en hierdie keer geval. Hoe akuut die val se wonde is sal die tyd vir ons diagnoseer. Miskien sal ons hier op Potchefstroom darem die rooi terminologie van die diagnose kan vertaal. Of is Potchefstroom alweer „agter" die tyd dat hy nie verwittig is dat die wisselkoers en die geldwaarde herskommel is nie?

## MANS SE NUWE MA



**Mej. Burger, die nuwe matrone wat op 1 Augustus diens aanvaar het by die Heimat-kompleks.**

## „Aandag, B.Sc.'s!"

Molenstraat 39,
Potchefstroom.
6 Augustus 1954.

Die Redakteur,
„Die Wapad".

Waarde Heer,

Graag wil ek die aandag van medestudente daarop vestig dat hier aan die P.U. 'n paar maande gelede 'n Natuurwetenskaplike Studentevereniging gestig is. Ons voel dat so 'n vereniging 'n leemte in die studentelewe vul en wil net studente opwek tot groter belangstelling. Ons het alreeds lesings oor „Universitêretoestande in Amerika" en „Sterrekunde" as ook 'n filmvertoning oor die Oliebedryf gehad. Daar sal eersdaags nog 'n vergadering gehou word en daar is nog geleentheid tot lidmaatskap.

Dankbaar vir plasing,

(Get.) W. J. JOOSTE.

## Oordenking

### EIENDOM VAN GOD TE WEES.

**„AAN U BEHOORT EK" . . . . Ps. 119: 94a.**

Saam met die Psalmdigter bely elke ware kind van die Here: Aan U behoort ek! Dit is 'n gewigtige belydenis; 'n belydenis wat diep ingryp in die lewe van die gelowige.

Vir hierdie eiendom het God 'n groot prys betaal. Die prys was die bloed van Jesus Christus. Die Verlosser het sy lewe gegee om Sy kinders los te koop uit die heerskappy van Satan. Wat 'n geweldige groot koopsom is dit nie. Die Here Jesus het duur betaal vir Sy eiendom, vir Sy kinders. Hoe onbegryplik groot is die liefde van God nie vir sondaarmense nie!

**Eiendom van God te wees . . . . Dit bring groot verantwoordelikheid en verpligtinge mee.** Wie met sy hele hart sê: „Aan U behoort ek," sê daarmee terselfdertyd: „Ek behoort nie aan Satan nie; ek staan nie in die diens van Satan nie; ek doen nie sy wil nie. Ek behoort ook nie aan myself nie daarom kan ek nie maak soos ék wil nie. My eie wil moet op die agtergrond staan; wat vir my aangenaam en gerieflik is, weeg nie die swaarste nie. Want . . . . ek behoort aan die Here.

Al my kragte, my talente, my vermoëns moet ek aan Sy diens wy. Ook nou in my studentejare: deur my getroue studie, deur my ywerige diens in die verskillende Studenteverenigings, deur my ingetoë en sober lewenswandel, deur my getroue kerkbesok en Skrifstudie. Ja, in alles wat ek doen, ook wanneer ek vreugde en ontspanning geniet op die sportgronde of waar ook al, sal ek moet onthou: Ek behoort aan die Here. Ek moet Sy wil doen; tot eer en verheerliking van Sy Naam moet my ganse lewenswandel wees, want Hy het 'n hoë prys vir my betaal. Sy bloed.

**Eiendom van God te wees . . . . Dit is ook 'n ryke troos vir die kind van die Here.**

Iemand wat sy eiendom met moeite verwerf het of 'n groot prys daarvoor betaal het, het dit lief, bewaar dit, dra dit op sy hart, beskerm dit teen vernietiging.

So het God sy eiendom lief, net met 'n oneindig groter liefde as waarmee ons ons eiendom liefhet. Sy liefde vir Sy kind is onbegryplik groot. Dit is nie soos die liefde wat iemand het vir dooie, stoflike besittings nie, maar dit is die liefde van die Vader vir sy kind.

As u waarlik bely: „Aan U behoort ek, Here", weet dan dat die Here u bewaar en beskerm, wanneer die bose op u loer, wanneer teëspoed en terugslae en stryd u kragteloos maak. Die Here laat Sy eiendom nie van Hom wegskeur nie; wat aan Hom behoort, sal Hy nie laat vergaan nie.

Die wat aan God behoort, bly Sy eiendom, nie alleen in hierdie lewe nie, maar ook aan die ander kant van die graf.

Laat elkeen van ons onsself afvra: Blyk dit uit my lewenswandel dat ek aan die Here behoort . . . of . . . miskien . . . dat ek aan Satan behoort?

## VIR U SAKBOEKIE

### Universiteitsdatums 1955.

J. H. HUGO,
7 Aug., 1954.

| | |
|---|---|
| Begin Eerste Semester | Woensdag 16 Februarie. |
| Sluitinng vir Kortvakansie | Donderdag 31 Maart. |
| Heropening na Kortvakansie | Dinsdag 12 April. |
| Einde Eerste Semester | Donderdag 30 Junie. |
| Begin Tweede Semester | Woensdag 3 Augustus. |
| Sluitinng vir Kortvakansie | Donderdag 29 September. |
| Heropening na Kortvakansie | Dinsdag 11 Oktober. |
| Einde Tweede Semester | Donderdag 8 Desember. |
| Gradedag | Saterdag 26 Maart. |
| Opening van Musiekkonservatorium | Dinsdag 1 Februarie. |
| Chemie II en III en Kwalifiserende Aptekerskursus begin | Dinsdag 1 Februarie. |

## Griekse Professor.

Mnr. A. Postma, senior lektor in Grieks is bevorder tot Professor in hierdie departement met ingang van 1 Januarie 1955. Mnre. J. A. v.d. Berg, C. F. Schoeman en Dr. Brandt is bevorder tot senio rlektore in Chemie, Sielkunde en Duits onderskeidelik.

P.U. vir C.H.O.—Vanaf eerskomende kortvakansie word drie jaarlikse vakansiekursusse in Bybelonderrig aangebied.

## P.U.! Maar Waarom Vir C.H.O.?

Waarde Heer,

Gedurende 'n student se studiejare aan 'n universiteit gaan hy nie selde nie 'n veelbewoë en in die reël 'n veelbesproke fase van sy lewe deur. Dit is gewoonlik eers wanneer hy 'n stadium bereik het vanwaar hy kan terugkyk op sy Alma Mater dat hy kan konstateer watter invloed die akademiese lewe op hom uitgeoefen het.

'n Terugblik oor die geskiedenis van die universiteit (oor die algemeen) toon dan ook dat daar van tyd tot tyd sekere heersende invloede van die universiteit op die mensdom uitgegaan het. In die intreerede van prof. dr. J. Chris. Coetzee as Rektor van ons Universiteit aan die begin van hierdie jaar, behandel hy hierdie onderwerp besonder insiggewend. Na aanleiding hiervan en deur te put uit sy rype insik en ervaring as opvoedkundige behandel hy dan vervolgens die Wese, die Funksies, en die Plek van die Christelike Universiteit teenoor die owerheid en teenoor ander onderwysinrigtings en die maatskappy.

Die intreerede van prof. Coetzee verskyn volledig in die Apriluitgawe van „Koers" (deel XXI No. 5). Hier stel hy die unieke posisie van ons Universiteit in duidelike taal.

P. G. L. VAN DER WALT,
Ons Huis.


S.A.N.L.A.M.
J. L. M. Venter.
SPESIALE VERTEENWOORDIGER.
Noordbrugweg 3,
Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM.


## Geldelike Skenking.

Die Stadsraad van Potchefstroom het 'n bedrag van £500 gestem vir die volgende vyf jaar as bydrae tot die Uitbreidingsfonds van die Potchefstroomse Universiteit.


A.S.B. HOOFBESTUUR.
Persoon met B-graad benodig vir pos
ORGANISERENDE SEKRETARIS-PENNINGMEESTER.
Salaris £50 per maand, lewenskoste ingesluit, plus £100 reis- en onthaaltoelae per jaar.
Vir verdere besonderhede skryf aan:
Die Sekretaris, A.S.B. Hoofbestuur,
p/a Binnemuurse V.S.R.-kantoor, Universiteit van Pretoria, voor 25 Augustus 1954.



Drink en Geniet
S & S
Super Dilla
en
Super Orange.
Sherr & Shakinovsky
Autolaan,
POTCHEFSTROOM.
Foon 16.



Ed. L. OOMS (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
OOGKUNDIGE.
Brilspesialiteit.
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129, Foon 980, Potchefstroom.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: CARLZEIS-JENA.

# ALABAMA NEEM SUID-WES OP HORINGS

## „SPEKKIE" TE BREED VIR TREINGANGE.

**Ferdi Botha draf op tipiese Suid-wes styl 25 myl om petrol te koop tussen leeus en tiere deur; Spekkie is te breed vir die „Speelgoedtrein" se gange; 'n gekombineerde Alabama rugbyspan klop Karasburg met drie punte. Dit is alles van die wedervaringe wat lede van die toer nou nog breed laat glimlag. Dit was 'n toer duisend! So sê 'n ieder en 'n elk wat 'n wonderlike toer agter die rug het. Voeg dan nog by die keer toe die trein byna-byna vir Bets en Sannie weggery het, 'n natmaak in die yskoue oseaan by Swakkopmund en die voorval in die Namibwoestyn toe die vragmotor in die sand vasgeval het, en 'n mens kan jou indink dat die afgelope toer 'n sukses duisend was.**



Op die foto sien u mnr. A. Postma, reisvader, mnr. Hennie Coetzee, S.R.-verteenwoordiger en mev. Postma.

KARASBURG! Met elke greintjie krag en mag verteenwoordig die A.S.O. vir Theos en klop die dorpspan met drie punte. En ook eers nadat die buitelyne van die veld met klippe uitgelê is.

**„SUIDWESTER" SE KOMMENTAAR.**

Die nuusblad van Suid-Wes het hom as volg oor die A.S.O. uitgelaat, 23 Julie 1954:

**„Die eerste wat die aandag getrek het, was die besondere fyn afwerking van die orkesnommers. Hier verdien veral die name van Ben Gericke, die leier en klavierspeler; Duif van Zyl, die ghitaar-speler; Ockie Strydom, die trekklavierspeler en Erika Oberndorfer, die vioolspeelster spesiale vermelding. Die musiek self was ligte Afrikaanse musiek en het af en toe 'n baie welkome en aangename draai in Duitsland, Italië en elders gaan maak.**

„——'n Uitblinker van die aand was Hennie Coetzee, die klaviersolis . . . .

„'n Kêrel wat die gehoor laat krul het van die lag, was Julius du Toit met sy voordragte . . . .

„. . . En so het die program gevariëer sodat 'n mens werklik nie een vervelige moment beleef het nie. Die volkspele en -danse het een en almal bekoor.

„. . . Dit is die eerste keer dat die groep sedert 1948 Suidwes besoek en ek is seker die Suidwesters sien uit na nog so 'n genoeglike program binnekort." (J.T.H.)

**FINANSIëEL 'N SUKSES.**

Finansiëel was die toer 'n groot sukses. Die konserte is deurgaans baie goed bygewoon. Die penningmeester, Ferdi Botha, deel mee dat die Alabama 'n bedrag van ongeveer £500 aan die saalfonds kan afstaan.

Dit is jammer dat die orkes nie vanjaar voor die studente sal optree nie. Miskien is dit te wyte aan die kritiese houding van baie van die studente. Laat 'n mens hoop dat hierdie houding gou sal oorslaan in volle steun aan hierdie belangrike liggaam en dat sommige van ons minder kritiseer voordat die orkes op toer gaan.



So het die gefierde span van die Alabamers daar uitgesien voor die wedstryd teen Karasburg. Dit was 'n harde rugbywedstryd. Maar die Pukspan het 3—0 gewen. Ons verneem dat die Pukke se telling heelwat groter moes gewees het. Die WAPAD lig sy hoed vir hierdie ambassadeurs.



Op die foto sien u die A.S.O.-groep tydens hulle toer deur die Namibwoestyn. Voor op die grond staan mnre. Postma, Ben Gericke, en Hennie Coetzee. Sitende van l. na r.: Duif van Zyl en Spekkie v.d. Walt. Op die vragmotor verskyn sommige van die orkes.

**J. HEIDEMA**

vir

FIETSE

en

MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

Kerkstraat 30,

(teenoor Geref. Kerk)

POTCHEFSTROOM

FLEURETTE BLOEMISTE

**Kerkstraat 91,**

**POTCHEFSTROOM.**

*Spesiale Afslag aan Studente.*

J. TOD SUTTIE,

KOMPLETE

Mansuitrusters

vir al u

**Klerasie en ander benodighede.**

**Kerkstraat 127,**

**Foon 1, POTCHEFSTROOM.**

WELKOM KAFEE

**Von Wiellighstraat,**

Lekkergoed, Sigarette, Koeldranke.

*Spesiale aandag aan Studente.*

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

**GROENPUNT-KAFEE,**

**Von Wiellighstraat,**

vir

Vars, Smaaklike Vrugte en Groente.

ADVERTEER IN DIE "WAPAD"

# HOES DAAI.



Dit wil my nou voorkom asof **Marina Scheepers** eindelik die uitklophou by **Hekkie Harmse** op die lyf gaan loop. Sy het toegegee dat sy sal kys sodra hy kaptein van die Onder 19 span word. En dan verneem ek dat my vriend **Piet Pelser** se geheue deesdae nie so fyn werk nie. In ieder geval, ons mans vergeet maar alte maklik. Maar as ek jou goeie raad kan gee, ONTHOU!! jong. Hoe lyk dit nou **Ina Malan**, as jy die taal van die Volkswagen wil verstaan het ek net een raat . . . . swat spes Duits.

'n Rukkie gelede het tewe vure gekys; ;een letterlik en een figuurlik. **Flip van Vuuren** is die letterlike. **Henry Ranwell** het aansoek gedoen om in 'Kulu te kom bly. Die rede? Kulu kry nuwe binneveermatrasse en voorts kla hy dat 'n ou man se bene dit nie kan hou as hy vier keer per dag Kulle toe moet stap nie. Nog net dit, Pukke. Ek hoor dat **Jo** se Pa toe die vakansie met sy dogter se **windvoël** se naam deurmekaar geraak het en toe maar na hom verwys as **„Dwarrelwind."** Uit Thaba Lusern word berig dat hy en **Jo** privaat gekys is. Hoe's daai, Jorrrts?

Wat so 'n Alabama toer darem nie kan doen nie, nê **Kita van Schalkwyk.** 'n Mens leer sommer maklik die **„Kukkuk-wals"** dans, nê. Ja nee, jy dink ons is nie soms orals nie.

Ek skud blad met **Johan Buys.** Dit het my ook al oorgekom. Maar ek het ook nie 'n plaas gehad nie, jong. En buitendien, waar gaan 'n man jong osse kry om lobola te betaal? Simpatie, ou maat.

Die mediese ondersoek het toe glo **Don Campbell** se smaakorgane as die probleem aangewys. Sy nek, so sê die dokter is te dik om te proe. Sê net vir my, Elise v.d. Walt, wat maak jy met die pop wat jy aangeskaf het? Is dit omdat Spottie die Puk verlaat het, of omdat „Lottie" elders in hierdie uitgawe aan hom 'n huweliksaanbod doen?

Lyk my ou **Daan Du Toit** se tafelmaats is te bang om aan hom die rede van hulle norsheid te erken. Laat ek dit dan maar aan hom sê: Doen aansoek om alleen aan 'n tafel te sit en moenie so sit en kyk hoe jy jou tafelmaats (sewe van hulle) doodeet nie, man.

Was **Annaline du Plessis** toe werklik daartoe instaat om 'n kunstenaar te inspireer om so 'n werk soos "Gentlemen Prefer Blondes?" die lig te laat sien. En **Chris en Petrus Malan** vir "All the brothers were valiant?" te verfilm.

En moenie vergeet nie vrinne, lees **„Lottie"** se hartroerende minnebrief en kyk hoe 'n mens se hart stronke kan vreet oor 'n vergete WAPAD-figuur van verlede jaar. o

Daarmee sê ek Bêllalaaika, Tikou--Tiko en Abasienja terwyl my rubriekmaat spoeg . . . sonder dat dit hôp!

**"HAPPY WANDERER."**

(Vervolg van kolom 5).

ief jor joenewirsittie aar 'n smaart wun.

Aai sô sou mennie guls end ol of them loekt sou swiet, sou jang, sou voel of laaif. Aai stat astonniesjd wen joe wir siengieng end wan song whaas sou wunderfoel, iets nym—"Ief de wissel blous end de offliefl ies der."

De mên hoe hed 'n roeler baai hies hends (Aai tienk hiès nym ies Winties) hoe whaas tjysieng flaais, loekd laaik 'n klaaun. Hie wôr 'n waait-soet end Aai thôt hie ies 'n men wuf pirsounelletie biekos hie tould thêt uther men thiengs hie iesnt joes toe.

Aai ruot 'n letter toe jôr rejestryter end tould hiem thet aai wunt toe biekum olsou 'n Piksteeudint end hef not riesieft hies aanser.

Aai houp toe bie soen et Potsjefstroom toe kontieneeu maai stiddies end til den aai sy . . . "Wôk Beeutievoel."

Jors Troelie, JYMS.


TRANSVAAL TYPEWRITING SERVICE,
**C.N.A.-GEBOU, POTCHEFSTROOM.**
**Transvaalse Tikmmasjiendiens.**
**Vir alle Tikmasjiene- en Reparasiedienste. Alle werk gewaarborg. Nuwe en Tweedhandse Tikmasjiene te koop.**
**Telefoon 1080.**





VINCOLÀ
**KOS NIE MEER AS 'N GOEIE WYN NIE**


# SOTTIE KRY HUWELIKSAANBOD

Krieërstraat,
Potjiestroom.
1 Joenie 1954.

Lieve Sottie,

**Toe ek die Pikkie oopslaat, het ek daatlik jou brief gisien, en ôk jou snêppie daarbei, jy weet mos, nie die een waar jy sôs hi ingel pous nie, mar die een mit die lang gore. Oorlat jou ore hi biekie langer is assie anner ou here sin, het dit daatlik my aandag gitrek en my lat bisleit jy is nettie man vir my.**

Ek is baja eensaam oorlat ek my voragge keis moes ontbinne, vanwege die feit lat ek en my gikeisde te veel op mikaar bigign leik het.

TToet ek net gegwônner ôf jy nie mit my wil keis nie. Ek sil alteit jou flênnel se siet vir jou jeelmaak solat die blou nie meer eitsteek as jy bik nie. En ek is baja slif Sottie, solat jy alteit my rifirate kan kry, dan sil jy nie meer dôp nie. Jy hoef ôk nie meer te pêniek oorie sjêlt virrie fliek, kjêffies en anner hoge pilsiere nie, oorlat my pa baja reik is. Hy is hi beiwooner by hi koelie innie dorp en het, my eitgesônner, nog dêrtien papvreeters. Ons rei in hi neegegntien-voertsêk kêttilek en as my pa hom wil staart, draai hy hom net mit hi slinger voor en daar gagat ons.

Die enigsgte voorwares virrie keis is lat jy moet jikskei speel, oorlat 'n man wat jikskei speel, net my tier is, want rôggbibe is so hi sissie-geim, en jy moet beigagane advertênsie vannie „Bie hi Hie-mên," deerlees en goed oordink, nl. pruike vir mans sonder hare op hulle borste in skakeringge.

Ek wag gin spanning op jou antwoord en ly snags aan nagmêrries oor jou. Baja grgoetnees aan jou dierbare oom Soois en tant Fya.

Fan hi eerstejaar,
LÖTTIE.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad",
P.U. vir C.H.O.
Waarde Heer,

Onderstaande brief is afkomstig van 'n student wat hier in Suid-Afrika gebore is en vir verdere studie na Engeland is om sy studie aldaar voort te sit. Mettertyd het hy heeltemal verengels en met sy terugkeer moes hy weer sy Moedertaal aanleer en het nog nie die spelreëls geraadpleeg i.v.m. die jongste verwikkelings nie. Hy skryf: die volgende oor die Intervarsity:

Maai Deer Vrend,

Iet whaas 'n wunderfoel eksperiëns toe sie de Pikke plying rikbie igenst Tikkies. Joe nou aaim 'n strynger heer ien Saauf-Efrieka end iet siems toe mie es


(Vervolg in kolom 1).


LOOCK
KLEREMAKERS
**CALDERBANKSGEBOU,**
**Kerkstraat 102,**
**Potchefstroom.**
**Foon 855.**




PRO REGE-PERS
**Boekhandel**
**en**
**Antikwariaat.**
VIR AL U
***Wetenskaplike Boeke***
***en***
***Skryfbehoeftes.***
**Kerkstraat 59,**
**Telefoon 1164.**






Eerste **in die wêreld**

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe — die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte
Rembrandt Filter de Luxe teen
vir 20, 3/6 vir 50

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

met die „GOLDEN THROAT"-filter

VRFA6

# SPORTPRAATJIES

## KRIEKET.

Slegs twee weke oor tot die einde van hierdie maand wanneer dit weer gebou1, gekolf en gehardloop sal word om die aanvang van die krieket-seisoen te verkondig. Ja, die krieketspelers het groot planne vanjaar en as die nodige oefenvelde nie ontbreek nie behoort daar sommer vanjaar berge versit te word. Die afgelope seisoen het getoon dat as ons manne nie die ongeluk ook in die span gehad het nie die Neser-beker dalk ook op die oomblik in die argief sou gewees het.

Met die vooruitsig van 'n moontlike deelname aan die krieket-toernooi, wat vanaf die 7de tot die 12de Desember in Durban plaasvind, behoort alle spelers nog meer entoesiasties te wees. Wat die afgelope toernooi te Stellenbosch betref het ons manne swak gevaar dog met die nuwe bloed wat daar in die span ingesluit is behoort die bordjies vanjaar verhang te word. Die Afrikaanse Universiteite vind dit baie moeilik om met die Engelse Universiteite mee te ding dog dit bied geen rede waarom ons moet agteruitstaan nie.



MNR. DICK HAUPTFLEISCH, KRIEKET-KAPTEIN.

Soos elke jaar die geval is verloor ons ook vanjaar 'n paar staatmakers dog hul plekke behoort gevul te word deur vier nuwelinge waarvan drie verlede jaar aan die Transvaalse junior-proewe deelgeneem het, en twee bekende kriektspelers wat baie bekend is hier in Wes-Transvaal nl. Reg Davies en Ockert Nel. Eersgenoemde is met die jongste kriekettoernooi aangewys as die beste kolwer terwyl Nel verkies is tot die span van die Noordelike Universiteite.

Afrigting is die belangrikste behoefte wat daar bestaan vir ons spelers en as die nodige apparaat gevind kan word wat te doen het met hierdie aspek van krieket behoort daar, soos reeds genoem, berge versit te word. In die verlede was dit die geval dat elke speler sowat tien minute gegun is om bv. sy kolfwerk op te knap en indien die nodige nette beskikbaar is behoort daar voldoende geleentheid te wees om dit wat verborge is in elke speler te ontbloot.

Laat diegene van ons wat dus enigsins belangstel in hierdie spel van 'n „gentleman" nie op ons laat wag om met die aanvang van die seisoee ons volle gewig in te gooi nie.

**P. W. BUYS,**
U Verteenwoordiger van
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 ——— Telefoon 897.
POTCHEFSTROOM.

**S & S**
**SOWDEN & STODDART**
KERK STREET, POTCHEFSTROOM.
For Your
FURNITURE AND HOUSEHOLD
APPLIANCES NEEDS.
Trade-ins Accepted. Easy Terms Arranged.

**EXCELSIOR MEUBELS**
**Kerkstraat 132, POTCHEFSTROOM. Foon 743.**
Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig.
**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**
**ONS REËL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

# THEOS NOG GLADNIE UIT PRENTJIE VIR BEKERS

### Pukke Vaar Goed in Toerspanne

**Die kwik in die termometer is besig om stadig maar seker uit te sit. Die gedagte daaraan laat sommige van ons onwillekeurig dink dat die somer sy kop begin uitsteek. Dit beteken natuurlik die stuiptrekkings van die Rugby-seis oen.**

Vanjaar was dan ook 'n besondere jaar vir ons spelers want die naam van die Puk het nou werklik weerklink van Noord tot Suid en van Oos tot Wes. Van die Kaap tot verder as Transvaal nl. Rhodesië en vanaf die Ooskus van Afrika tot amper aan die Weskus. Ons dink aan die toer na die Suide gedurende die April-vakansie, die onlangse toer van die Noordelike Universiteite deur Rhodesië waarby elf Pukke ingesluit was, Wes-Transvaal se wedstryd die afgelope naweek teen Natal in Durban waar die Puk ook goed verteenwoordig was en les bes—die Alabama-"Crocks" teen Karasburg agter een van die sandduine in Suid-Wes.

Eersgenoemde toer was baie suksesvol en soos ons verneem ook dié na die Noorde. Trouens, sommige van die lede van hierdie veelgesogte span kan hulself gelukkig ag om nog het hul lewens daarvan af te kom. Ons verneem dat ons eie Klein Dick omtrent twintig treë van 'n gewisse dood af was as dit nie vir die reddende hand van Groot Dick was wat op die regte oomblik 'n stok aan eersgenoemde gereik het om te verhoed dat hy die Victoria-waterval afspoel nie. Koos Dreyer laat hom asvolg oor hierdie voorval uit: Die klein Puttertjie het 'n kans uit 'n miljoen gehad en hy het dit benut.



**Die Wapad-redaksie dra die hartlike gelukwensing van al die Pukke oor aan die volgende spelers wat hierdie toe meegemaak het: Hendrik Erasmus, Fanie Blom, Justi Brink, Jan de Wet, Dick Putter (jnr.), Billy Duvenhage, Dick Putter (snr.), Steyn de Jager, Koos Dreyer, J. C. Strydom en Lang Stoney. Ons kan miskien net noem dat drie van die vyf wedstryde gewen, een verloor en een gelykop geeindig het.**

**WES-TRANSVAALSE LIGA.**

Die van ons wat reeds hoop laat vaar het dat Theos nie meer die pyp sal rook nie moet uit onderstaande put en weer water drink om te verfris en nuwe moed te skep:

Die Blaine is nog in sig aangesien Theos binnekort teen Gold Fields West die saak moet uitspook om sodoende te kwalifiseer vir die eindrondte teen Dorp of Klerksdorp.

Wat die Neser betref die volgende:

| | S. | W. | V. | G. | Pte. |
|---|---|---|---|---|---|
| Gold Fields West | 14 | 7 | 5 | 4 | 18 |
| Klerksdorp .... ...... | 12 | 9 | 1 | 2 | 20 |
| Potch Dorp ...... ...... | 10 | 8 | 1 | 1 | 17 |
| P.O.K. ...... ...... ...... ...... | 10 | 5 | 5 | 2 | 12 |
| Weste rnReefs ...... | 12 | 5 | 5 | 2 | 12 |
| Universiteit ...... ...... | 9 | 5 | 3 | 1 | 11 |
| Lichtenburg ... ...... ...... | 11 | 5 | 6 | — | 10 |
| Garnisoen .... ...... ...... | 11 | 3 | 7 | 1 | 7 |
| Blyvoor ...... ...... ...... ...... | 12 | 1 | 10 | 1 | 3 |
| Strathvaal ...... .... ...... | 11 | 1 | 10 | — | 2 |

Ons het dus ook hier 'n goeie kans om die Neser na sy regte tuiste terug te bring.

Navy word volgens die jongste puntestand 4de (vierde) op die lys geplaas en in vergelyking met die aantal wedstryde gespeel neem hul die derde plek.

Fires is volgens die aantal wedstryde tweede op die ranglys terwyl Tekkies ook tweede is in die B-afdeling van die liga.

Die twee Onder-Negentien spanne het nog nie een wedstryd verloor nie en hul kanse is sommer baie goed om vir die volgende jaar die Puk te voorsien van 'n genoegsame voorraad bekers—al moet dit ook gebruik word om Oom Swart se Koppie-en-Piering-voorraad aan te vul.

VIR——
**VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ENS.**
WELKOM KAFEE,
**Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM.**
*Dis u kafee, Studente!*

KOM SIEN ONS——
vir al u
*Fotografiese*
en
*Aptekersbenodighede.*
GEEN & VELLEMAN
**Kerkstraat, POTCHEFSTROOM.**

MOOIRIVIER APTEEK
**Kerkstraat 155,**
Potchefstroom.
**Telefoon 380.**
*Die Apteek vir Diens.*

STUDENTE . . .!!!
Vir al u
Handboeke,
Skryfbenodighede,
Leertasse,
Geskenke, ens.!
EBSOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.
POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL
**Kerkstraat 90, Telefoon 497,**

J. R. VAN DER WALT APTEEK
**Kerkstraat 111, POTCHEFSTROOM.**
ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER.
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

SAAMTREK WINKEL,
Algememne Handelaars.
**Von Wiellighstraat 13,**
ALLE BENODIGHEDE WORD AANGEBIED.
*„Kom ondersteun ons, Pukke!"*

S.A.V.F.-KOFFIEHUIS
**SPOEDIGE BEDIENING;**
Geroosterde Etes;
**PUIK TUISGEMAAKTE GEBAK.**

TURKSTRA BAKKERY
RAADPLEEG ONS VIR
Bruidskoeke, Brood
en
Alle Koeksoorte.
**ELKE DAG VARS.**

Gedruk deur Die Westelike Stem en uitgegee deur die Redaksie van „Wapad".